

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Rossouw and Another v Coetzee and Another (6905/09) [2011] ZAWCHC 123 (1 February 2011) [2011] ZAWCHC 123

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Louw

CASE / FILE NUMBER

6905/09

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Republiek van Suid-Afrika

In die Hout Hof van Suid-Afrika

(Wes-Kaap Hof, Kaapstad)

Saaknommer: 6905/09

Gideon Jozua RossouwEerste Applikant

Anthony Robin KleynhansTweede Applikant

en

Bernard William CoetzeeEerste Respondent

Inge L'Oreal FortuinTweede Respondent

Uitspraak Gelewer: 1 Februarie 2011

LOUWR

- [1] Die partye tot hierdie aansoek en teenaansoek in terme van art 36 (1) en (2) van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 (die Wet), is die vier lede van die beslote korporasie P & F Rossouw Ondernemings BK (die BK) wat sedert 1999 as elektriese kontrakteur op Prins Alfred's Hamlet onder die naam Fiat Lux sake doen.
- [2] Die applikante was saam met sy vrou en twee seuns die aanvanklike lede van die BK. Die eerste applikant is 'n gekwalifiseerde elektrisier. Die tweede applikant wat in 2000 'n ledebelang in die BK verkry het, is 'n besigheidsman.

- [3] In 2006 is die ledebelang in die BK verander toe die twee respondente, wat soos die eerste applikant ook gekwalifiseerde elektrisiens is, lede van die BK geword het en die eerste applikant se vrou en seuns as lede uitgetree het. Sedert 2006 is die ledebelang in die BK soos volg:

Eerste Applikant 25%

Tweede Applikant 25%

Eerste Respondent 10%

Tweede Respondent 40%

- [4] Die respondente het hul ledebelang ingevolge 'n ooreenkoms wat in 2005 met die applikante aangegaan is bekom teen 'n koopprys van R500 000.00. Die koopprys is in paaiemente van R250 000 op 15 Junie en 15 Julie 2006 betaal en die respondente se ledebelang is op 28 Augustus 2006 aan hulle oorgedra.

- [5] Die eerste respondent was ten tyde van die onderhandelinge en die sluiting van die voormelde ooreenkoms 'n lid van 'n beslote korporasie wat onder die naam Beilco Electrical as 'n elektriese kontrakteur sake gedoen het. Die eerste respondent beweer dat dit

'nie heeltemal korrek (is) dat Beilco Electrical dieselfde tipe diens gelewer

het as die BK nie'

en se dat Beilco Electrical aanvanklik geregistreer is om as boukontrakteur besigheid te doen en aanvullend daartoe elektriese installasies op plase en in nuwe huise uit te voer. Ek meen egter dat dit duidelik is dat Beilco wel, soos hieronder uiteengesit, as elektriese kontrakteur met die BK kompeteer vir besigheid.

- [6] Die tweede respondent was ook ter alle tersaaklike tye 'n lid van Imatt Commodities BK (Imatt). Die applikante se bewering in hul loodsende stukke dat die tweede respondent reeds in vroeg 2008 (sonder die kennis van die applikante) besig was om in die naam van Imatt besigheid te doen, word nie deur die respondente in hul antwoordende stukke ontken nie. Dit is na my mening duidelik dat Imatt as elektriese kontrakteur met die BK meeding vir besigheid.

- [7] Dit is gemene saak dat die respondente sedert 14 Januarie 2009 nie meer direk betrokke is by die besigheid wat die BK bedryf nie en dat hul lidmaatskap van die BK tot 'n einde moet kom. Die partye is egter in geskil oor die terme waarop dit moet gebeur. Die applikante voer aan dat dit reg en billik sal wees dat die respondente hul lidmaatskap sonder vergoeding moet verbeur terwyl die respondente aandrang op vergoeding.

- [8] Die applikante steun op die bepaling van art 36 van die Wet wat. sover relevant, soos volg lees:

36 Beeindiging van lidmaatskap deur Hofbevel

Op aansoek van 'n lid van 'n korporasie kan 'n Hof op een of meer van die volgende gronde beveel dat enige lid ophou om 'n lid van die korporasie te wees:

- (a) ...
- (b) dat die lid hom skuldig gemaak het aan optrede wat, met inagneming van die aard van die besigheid van die korporasie, waarskynlik 'n nadelige uitwerking op die dryf van die besigheid sal he;
- (c) dat 'n lid homself op so 'n wyse met betrekking tot die besigheid van die korporasie gedra dat dit nie vir die ander lid of lede redelikerwys moontlik is om die besigheid van die korporasie saam met hom te bedryf nie; of
- (d) dat omstandighede ontstaan het wat dit reg en billik maak dat sodanige lid behoort op te hou om 'n lid van die korporasie te wees;

Met dien verstande dat so 'n aansoek by die Hof op grond van paragraaf (a) of (d) genoem, ook gemaak kan word deur 'n lid met betrekking tot wie die bevel van toepassing sal wees.

- (2) 'n Hof wat 'n bevel ingevolge subartikel (1) maak, kan verdere bevels wat hy goedgevind, maak in verband met -
 - (a) die verkryging van die betrokke ledebelang deur die korporasie of deur ander lede as die betrokke lid;
 - (b) die bedrag (as daar is) wat betaal moet word ten opsigte van die betrokke ledebelang of die eise teen die korporasie van daardie lid, die wyse en tye van sodanige betalings en die persone aan wie dit gemaak moet word; of
 - (c) enige ander aangeleentheid betreffende die beëindiging van lidmaatskap wat die Hof goedgevind.
- [9] Die applikante se saak is dat die respondente in stryd met die applikante se aandrang toe hulle lede van die BK geword het dat hulle nie voortgaan met hulle bedrywighede in Beilco en Imatt, nietemin voortgegaan het om in mededinging met die BK, besigheid te doen deur Beilco en Imatt. Dit het gelei, so beweer die applikante, tot aansienlike finansiële skade vir die BK en dus ook tot die vermindering in die waarde van die applikante se ledebelang in die BK.
- [10] Mnr van Rensburg wat namens die respondente optree het betoog dat die applikante vir die volgende hoof redes nie op die regshulp wat hulle vorder geregtig is nie:

Die regshulp wat die applikante vorder gaan in wese oor die skade wat die BK self na bewering gelei het en word dus gereguleer deur die bepalings van artikel 42 van die Wet en artikel 36 is glad nie van toepassing nie; en

die applikante het hulle in elk geval nie gekwyt van die bewyslas wat op hulle rus deur die nodige getuienis voor die hof te plaas van wat die markwaarde van die ledebelang in die BK is ten einde te bepaal of dit reg en billik sou wees dat die respondente geen vergoeding vir hul onderskeie aandele in die BK kry nie.

[11] Ingevolge 'n bevel wat by ooreenkoms op 15 Februarie 2010 gemaak is, maak Mnr J.J. Pienaar van KPMG, wat ingevolge art 19 (bis) van Wet 59 van 1959 as skeidsregter aangestel is, die volgende waardebeplating (in veelvoude van R1 000) van die partye se onderskeie ledebelange in die BK soos op 14 Januarie 2009:

Ledebelanq	Leninqs-Rekening-debiet	Totaal	Eerste Applikant	25%	217.75	24.26	193.49	Tweede Applikant	25%	217.75	79.85	137.90	Eerste Respondent	10%	87.10	37.68	49.42	Tweede Respondent
40%	348.40	52.81	295.59															

[12] Paragraaf 1 van Pienaar se valuasieverslag lees soos volg:

*1.

Introduction

1.1. Purpose of the document

We have received a letter from Mr Du Bois of Du Bois, De Vries, De Wet and Kroukamp Attorneys on 26 February 2010 and attached thereto a Court order from the Cape High Court appointing us as referee in the case between Giel Rossouw and Tony Kleynhans, as applicants, and Bernie Coetzee and Inge O'Real and respondents. We have been requested to perform a valuation of the members' interest and members' loans as at 14 January 2009, subject to the terms and conditions of our engagement letter 3 March 2010, a copy of which is included as Annexure A.

1.2. Sources of information

The principal sources of information used in preparing this report were as follows:

Unaudited annual financial statements of P & F Rossouw Ondernemings BK ('the entity') for the financial years ended 30 June 2008 and 2009 as well as for the seven months ended 31 January 2009;

Information presented by the accounting officer of the entity, Mr Fanus Redelinghuys;

Information and representations provided by the members; and

Other information as acknowledged in this report.

1.3. Limitations on scope

We have relied upon the sources of information referred to above and the representations provided in undertaking the valuation. Except where specifically stated, we have not sought to establish the reliability of these sources. We have however reviewed the information and have sought explanations for key trends and salient features identified by us. We have also satisfied ourselves, as far as possible, that the information presented is consistent with other information obtained by us in the course of the work undertaken to prepare this report.

We have requested confirmation of factual accuracy of the financial information contained in this report from the members of P & F Rossouw Ondernemings BK and received confirmation from Messrs Rossouw and Kleynhans. Mr Coetzee and Ms O'Real indicated that it is not possible for them to attest to factual accuracy of the financial information as they have not ever had access thereto.

We draw your attention to the fact that the valuation does not constitute an audit or due diligence.

Valuations are a function of the assumptions incorporated within the valuation methodology. The true value negotiated between parties on a willing-buyer willing-seller basis may differ from this value as it is dependent upon considerations, including but not limited to, relative positions of strength, emotive issues, differing views of trading projections, growth potential, different assessments of risk, human resource issues, warranty conditions, etc., all of which can only be determined through a process of negotiation.

1.4. Confidentiality

This report is provided solely to provide the Court with a valuation of the members' interest and members' loans and may not be used by any of the recipients of this report for any other purpose.'

[13] Soos blyk uit paragraaf 1.3. van Pienaar se verslag, het die respondente teenoor hom vermeld dat

'it is not possible for them to attest to factual accuracy of the financial information obtained by us as they have not ever had access thereto.'

[14] Hierdie mededeling van die respondente aan Pienaar is nie korrek nie. Dit is gemene saak dat die tweede respondent reeds op 14 Januarie 2009, die dag waarop die respondente hul betrokkenheid by die BK se werksaamhede beelndig het, die BK se rekenmeesters versoek het om afskrifte van die BK se finansiële state aan haar te gee. Voorts was die respondente ingevolge die hofbevel gedateer 14 Oktober 2009 geregtig op insae in die finansiële state van die BK.

[15] Ingevolge die bepaling van art 19 (bis) (1) van Wet 59 van 1959, het die hof 'n diskresie om die verslag gedeeltelik of in sy geheel, met of sonder wysigings, te aanvaar. Die aanvaarding van die verslag is gelyk aan 'n bevinding van die hof.

[16] Ek meen dat die bevinding van die skeidsregter aanvaar moet word as 'n bevinding van hierdie hof aangaande die waarde van die partye se onderskeie aandele in die BK.

[17] Die getuienis ten opsigte van die eerste respondent se optrede waarop die applikante staatmaak is die volgende.

[18] Die applikante beweer dat die eerste respondent se betrokkenheid by Beilco 'n 'pertinente besprekingspunt' was tydens die onderhandelinge wat die ooreenkom in terme waarvan die eerste respondent 'n lid van die BK geword het, voorafgegaan het. Volgens die eerste applikant het hy dit duidelik gemaak aan die eerste respondent dat hy sy betrokkenheid by Beilco sou moes beëindig indien hy 'n ledebelang in die BK sou bekom. Voorts het die eerste applikant weer, toe die respondente besluit het om lede van die BK te word, volgens horn aan altwee die respondente verduidelik dat hulle hoegenaamd nie maar betrokke kon wees by enige soortgelyke besigheid nie. Die eerste respondent se reaksie op hierdie bewerings in sy antwoordende eedsverklaring is ontwykend. Die eerste respondent ontken nie dat sy betrokkenheid by Beilco 'n pertinente besprekingspunt was nie en hy ontken ook nie dat die eerste applikant aan horn en die tweede applikant verduidelik het dat hulle nie meer by enige soortgelyke besighede betrokke kon wees nie. Die eerste respondent ontken egter iets wat nie beweer word nie. Hy ontken naamlik

'die beweerde ooreenkoms dat ek my betrokkenheid by Beilco Electrical sou beëindig, en die beweerde ooreenkoms dat ek en die Tweede Respondent hoegenaamd nie meer betrokke sou wees by enige ander soortgelyke besigheid nie'

en gaan dan voort om ter ondersteuning van die ontkenning van die beweerde ooreenkoms te beweer dat dit aanvanklik in die vooruitsig gestel is dat die tweede respondent 'n voile 50% belang in die BK sou verkry en dat die applikante *n koopkontrak met die strekking, wat nooit onderteken is nie,

voorberei het. Nadat die eerste respondent volgens hom aan die begin van 2006 toe die eerste respondent reeds by die BK begin werk het uitgevind het dat sy nie toegelaat word om direk by die besigheid betrokke te raak, het hy besluit om self as 'n 10% lid tot die BK toe te tree. Dit beweer die eerste respondent is bewys daarvan dat hy 'n ooit die bedrywighede van Beilco Electrical sou staak nie'. Ek meen dat die applikante se bewering dat die respondente se voortgesette betrokkenheid by 'n soortgelyke besigheid wel tussen die partye bespreek is en dat die respondente wel bewus was van die applikante se standpunt dat hulle nie na hul aansluiting

by die BK met 'n soortgelyke besigheid kon voortgaan nie, aanvaar moet word.

- [19] Redlex 233 (Edms) Bpk (Redlex) is die eienaar van die Wedgewood Gastehuis wat op 'n plaas in die Paarl distrik gelee is. Gedurende Julie/Augustus 2008 het die BK krag vir Redlex aangele" vanaf 'n bestaande Eskom transformator na nuwe geboue op die plaas. Die BK het ook gekwoteer om sekere aanvullende werk wat die voorsiening en installering van kables, meterkaste en stroombrekers ingesluit het vir R21 630.00 te doen. Hierdie kwotasie is nie deur Redlex aanvaar nie. Daar is 'n feitegeskil oor waarom die BK nie voortgegaan het om die werk te doen nie. Die eerste respondent blameer die eerste applikant daarvoor dat hy na bewering onbeskof was met Christopher, die verteenwoordiger van Redlex, wat veroorsaak het dat die werk nie deur die BK gedoen kon word nie. Dit is nie nodig om hierdie feitegeskil te besleg nie aangesien dit gemene saak is dat die eerste respondent daarop die werk 'in sy persoonlike hoedanigheid' gedoen het en dat hy 'n faktuur vir R7 712.48 onder Beilco se naam aan Redlex gelever het vir die werk wat hy gedoen het. Die eerste respondent het by 'n ledevergadering wat op 1 Oktober 2008 gehou is verduidelik het dat die bestuurder van die Gastehuis hom oor 'n naweek gebel het en dringend hulp gesoek het in verband met die afnandeling van die voorsiening van krag na die nuwe geboue en dat hy toe aangebied het om serf die werk in die naam van Beilco te doen. Daar is egter geen rede waarom hy nie die werk in die naam van die BK gedoen het nie en waarom hy dit toe in kompetisie met die BK onder die naam en vir die rekening van Beilco gedoen het.
- [20] Mnr Nick Dicy is die eienaar van die plaas La Plaisante by Wolseley. Dit is gemene saak dat die eerste respondent in die naam van Beilco elektriese werk vir Dicy op La Plaisante gedoen het nadat hy 'n kwotasie gedateer 8 Februarie 2008 van R11 742.89 in die naam van Beilco aan Dicy gelever het sonder om die applikante daarvan in te lig. Die eerste respondent voer aan dat die werk nie in kompetisie met die BK gedoen is nie omdat dit oor 'n naweek gedoen is en hy die kwotasie aanvanklik vir versekeringsdoeleindes verskaf het. Voorts beweer hy soos volg: 'Ek was nooit van voorneme om teenstrydig met die korporasie se belange op te tree nie en ek het geensins werk in sodanige verband, of werk wat daaruit voortspruit aanvaar of verrig nie. Die beslote korporasie doen in iedere geval nie die herstel van transformators nie en het dit nog nooit gedoen nie.'
- [21] Ek meen dat hierdie verduideliking nie opgaan nie. Die BK is 'n elektriese kontrakteur wat onder andere spesialiseer in die installasie van elektriese verspreidingsstelsels. Die eerste respondent moes as lid van die BK die applikante ingelig het van die elektriese werk waarvoor hy in die naam van 'n kompeterende entiteit kwoteer het en wat hy oor 'n naweek gedoen het, nie.
- [22] Kort na die Redlex voorval het die eerste applikant toevallig terwyl hy elders heen oppad was opgemerk dat een van die BK se voertuie in die rigting van Worcester ry met twee rolle elektriese kables op die dak. By navraag by die persoon in beheer van die BK se voorraad is hy meegedeel dat die eerste respondent opdrag gegee het dat die kables na Bredasdorp geneem word in gebruik vir 'n projek waarmee die BK besig was. Dit is gemene saak dat die kables nie in die projek gebruik sou word nie. Die werkers van die BK op die voertuig het die

eerste applikant volgens horn meegedeel dat die voertuig in opdrag van die eerste respondent gelaai is en dat hulle oppad was na Bredasdorp maar nie weet waarvoor die kables benodig word nie. Die eerste applikant het gesien dat hoewel die voertuig aanvanklik deur Worcester gery het, dit omgedraai het en na die eerste respondent se woning op Worcester gery het. Die eerste respondent het by sy huis aan die eerste applikant verduidelik dat die werkers wel oppad was na Bredasdorp maar dat hy die kables aan sy swaer wat

voorberei het. Nadat die eerste respondent volgens hom aan die begin van 2006 toe die eerste respondent reeds by die BK begin werk het uitgevind het dat sy nie toegelaat word om direk by die besigheid betrokke te raak, het hy besluit om self as 'n 10% lid tot die BK toe te tree. Dit beweer die eerste respondent is bewys daarvan dat hy 'n ooit die bedrywighede van Beilco Electrical sou staak nie'. Ek meen dat die applikante se bewering dat die respondente se voortgesette betrokkenheid by 'n soortgelyke besigheid wel tussen die partye bespreek is en dat die respondente wel bewus was van die applikante se standpunt dat hulle nie na hul aansluiting by die BK met 'n soortgelyke besigheid kon voortgaan nie, aanvaar moet word.

[19] Redlex 233 (Edms) Bpk (Redlex) is die eienaar van die Wedgewood Gastehuis wat op 'n plaas in die Paarl distrik geleë is. Gedurende Julie/Augustus 2008 het die BK krag vir Redlex aangele" vanaf 'n bestaande Eskom transformator na nuwe geboue op die plaas. Die BK het ook gekwoteer om sekere aanvullende werk wat die voorsiening en installering van kables, meterkaste en stroombrekers ingesluit het vir R21 630.00 te doen. Hierdie kwotasie is nie deur Redlex aanvaar nie. Daar is 'n feitegeskil oor waarom die BK nie voortgegaan het om die werk te doen nie. Die eerste respondent blameer die eerste applikant daarvoor dat hy na bewering onbeskof was met Christopher, die verteenwoordiger van Redlex, wat veroorsaak het dat die werk nie deur die BK gedoen kon word nie. Dit is nie nodig om hierdie feitegeskil te besleg nie aangesien dit gemene saak is dat die eerste respondent daarop die werk 'in sy persoonlike hoedanigheid' gedoen het en dat hy 'n faktuur vir R7 712.48 onder Beilco se naam aan Redlex gelewer het vir die werk wat hy gedoen het. Die eerste respondent het by 'n ledevergadering wat op 1 Oktober 2008 gehou is verduidelik het dat die bestuurder van die Gastehuis hom oor 'n naweek gebel het en dringend hulp gesoek het in verband met die afnandeling van die voorsiening van krag na die nuwe geboue en dat hy toe aangebied het om self die werk in die naam van Beilco te doen. Daar is egter geen rede waarom hy nie die werk in die naam van die BK gedoen het nie en waarom hy dit toe in kompetisie met die BK onder die naam en vir die rekening van Beilco gedoen het.

[20] Mnr Nick Dicy is die eienaar van die plaas La Plaisante by Wolseley. Dit is gemene saak dat die eerste respondent in die naam van Beilco elektriese werk vir Dicy op La Plaisante gedoen het nadat hy 'n kwotasie gedateer 8 Februarie 2008 van R11 742.89 in die naam van Beilco aan Dicy gelewer het sonder om die applikante daarvan in te lig. Die eerste respondent voer aan dat die werk nie in kompetisie met die BK gedoen is nie omdat dit oor 'n naweek gedoen is en hy die kwotasie aanvanklik vir versekeringsdoeleindes verskaf het. Voorts beweer hy soos volg:

'Ek was nooit van voorneme om teenstrydig met die korporasie se belange op te tree nie en ek het geensins werk in sodanige verband, of werk wat daaruit voortspruit aanvaar of verrig nie. Die beslote korporasie doen in iedere geval nie die herstel van transformators nie en het dit nog nooit gedoen nie.'

- [21] Ek meen dat hierdie verduideliking nie opgaan nie. Die BK is 'n elektriese kontrakteur wat onder andere spesialiseer in die installasie van elektriese verspreidingstelsels. Die eerste respondent moes as lid van die BK die applikante ingelig het van die elektriese werk waarvoor hy in die naam van 'n kompeterende entiteit kwoteer het en wat hy oor 'n naweek gedoen het, nie.
- [22] Kort na die Redlex voorval het die eerste applikant toevallig terwyl hy elders heen oppad was opgemerk dat een van die BK se voertuie in die rigting van Worcester ry met twee rolle elektriese kables op die dak. By navraag by die persoon in beheer van die BK se voorraad is hy meegedeel dat die eerste respondent opdrag gegee het dat die kables na Bredasdorp geneem word in gebruik vir 'n projek waarmee die BK besig was. Dit is gemene saak dat die kables nie in die projek gebruik sou word nie. Die werkers van die BK op die voertuig het die eerste applikant volgens horn meegedeel dat die voertuig in opdrag van die eerste

respondent gelaai is en dat hulle oppad was na Bredasdorp maar nie weet waarvoor die kables benodig word nie. Die eerste applikant het gesien dat hoewel die voertuig aanvanklik deur Worcester gery het, dit omgedraai het en na die eerste respondent se woning op Worcester gery het. Die eerste respondent het by sy huis aan die eerste applikant verduidelik dat die werkers wel oppad was na Bredasdorp maar dat hy die kables aan sy swaer wat

'n elektrisien op Bredasdorp was, wou leen. Later, op die ledevergadering van 1 Oktober 2008 wat gereel is om die Redlex voorval en die kabel voorval te bespreek, het die eerste respondent verduidelik dat sy swaer die kables tydelik nodig gehad het om kragtoevoer te verskaf vir 'n projek waarmee hy besig was. Behalwe om te se dat hy nie weet waarom die eerste applikant meegedeel is dat die kabel benodig word vir die projek op Bredasdorp nie, gee hy nie sy weergawe van welke opdrag hy aan die persoon in beheer van die voorraad en aan die werkers op die voertuig gegee het nie. Die eerste respondent spekuleer egter dat hy 'in alle waarskynlikheid vir die bestuurders van die bakkie gevra (het) om, oppad na Bredasdorp, die bondelgeleiers by my woning af te laai.'

- [23] Aan die einde van 2008 hoor die eerste respondent van 'n groot projek naby Stormsvlei en gedurende November 2008 tender die eerste respondent in die naam van Beilco vir hierdie groot projek wat die aanle van krag na chalets op 'n wildplaas naby Stormsvlei behels en daarna doen die twee respondente die werk in die name van Beilco en Imatt. Die eerste respondent regverdig hierdie optrede met die stelling dat sy en die tweede respondent se verhouding met die applikante toe reeds onherstelbaar verbokkel het en dat daar gevolglik geen sprake was daarvan dat hulle langer soos vennote sou kon saamwerk nie. Mnr Viviers wys tereg namens die applikante daarop dat die respondente nie die bestaan van die beweerde swak verhouding of die feit dat die eerste respondent van die projek te hore

gekom het en apart daarvoor getender het, met die applikante geopper het nie. Die notules van die ledevergadering wat op 1 en 31 Oktober 2008 gehou is, maak geen melding van hierdie bewering en die feit dat die respondente apart werk op 'n groot projek in die naam van Beilco en Imatt gaan doen nie.

- [24] Die eerste applikant beweer dat hy in Desember 2008 daarvan te hore gekom het dat die eerste respondent van tyd tot tyd aan die BK se werkers opdrag gegee het om van die BK se voorraad by die eerste respondent se huis op Worcester at te laai. Die eerste applikant beweer dat hy die eerste respondent hieroor konfronteer he! en teenoor hom beweer het dat hy dit sien as 'n aanduiding dat hy homself gereed maak om in kompetisie met die BK te begin besigheid doen. Hy beweer voorts dat die eerste respondent toe ontken het dat hy sy eie besigheid wit begin en dat hy die BK se voorraad geneem het. Volgens hom het die eerste respondent beweer dat die voorraad inderwaarheid vir die BK se projekte was. Die eerste applikant beweer voorts dat hierdie verduidelikings onwaar was en dat die eerste respondent op daardie stadium reeds besig was om projekte in die naam van Beilco te doen. Die eerste respondent se antwoord op hierdie bewerings is 'n blote ontkenning dat hy op enige stadium enige van die BK se voorraad en/of toerusting vir homself en/of Beilco toegeeien het. Afgesien van die feit dat die eerste respondent nie handel met die verdere bewerings nie, is sy ontkenning dat hy voorraad van die BK gebruik het vir werk wat hy in die naam van Beilco gedoen het vals soos blyk uit 'n beedigde verklaring wat hy self in Januarie 2009 in 'n ondersoek deur Eskom gemaak het. Daarin verklaar hy dat hy in

November/Desember 2008 'n hoogspanningslyn in die Stormsvlei projek in die naam van Beilco gebou het en dat hy die lyn gebou het met materiaal wat hy vanaf die BK op Ceres gebring het vir die projek.

- [25] Dit is duidelik dat die respondente deur onderskeidelik Beilco en Imatt, winste wat die BK waarskynlik andersins sou gemaak het, van die BK weerhou het. Die respondente moes, uit hoofde van hul fidusiêre plig teenoor die BK, elektriese kontrakteurwerk vir die BK werf en uitvoer. Die projekte waarby die respondente betrokke was, was werk wat die BK andersins waarskynlik sou kon gedoen het. Hierdie winste wat die BK afgestaan het, het 'n direkte negatiewe invloed op die waarde van die applikante se ledebelang soos bepaal deur Pienaar op 'n netto bate waarde basis, gehad.
- [26] Die doel van die bepalinge van art 36 van die Wet is '... to empower the Court to dissolve the association between members without winding up the corporation on the grounds that such would be just and equitable, as envisaged in sec 68 (d), in circumstances which, in the context of a partnership, would warrant its dissolution (Kanakia v Ritzshelf 2004 CC 2003 (2) SA 39 (D) op 48 F). Terwyl die bepalinge van 36 (1) (a), (b) en (c) gaan oor die invloed wat die optrede op die bedryf van die besigheid van 'n BK het, verleen die bepalinge van art 36(1)(d) 4 ... wide and virtually unlimited scope for the application of s36 of the Act, the only limitation being the 'just and equitable'

requirement ... Once a Court decides that an order for such cessation of membership should be made, it has a discretion to make

further orders as referred to in s 36(2) of the Act' (De Franca v Exhaust Pro CC (De Franca intervening) 1997(3) SA 878 (OK) 893 FG).

[27] Die likwidasie van die BK, wat op die stukke blyk 'n kerngesonde en lewensvatbare besigheid bedryf, is nie die aangewese remedie in hierdie saak nie. Trouens dit was tydens die verhoor gemene saak.

[28] Die applikante was geregtig om gebruik te maak van die remedie wat deur art 36 van die Wet aan hulle verleen word en die applikante het hulle na my mening gekwyt van die onus wat in hierdie verband op hulle rus. Die respondente het self nie openbaar wat die omvang van die besigheid is wat hulle in kompetisie met die BK gedoen het nie. Op die feite wat deur die applikante voor die hof geplaas is, wat soos hierbo vermeld of gemene saak is of nie werklik betwis kan word nie, saamgeneem met die verslag van die skeidsregter wat by ooreenkoms ingevolge art 19 (bis) van Wet 59 aangewys is, het die applikante, na my mening 'n saak uitgemaak vir bevel in terme van art 36 (1) en

(2) van die Wet.

'n elektrisien op Bredasdorp was, wou leen. Later, op die ledevergadering van 1 Oktober 2008 wat gereel is om die Redlex voorval en die kabel voorval te bespreek, het die eerste respondent verduidelik dat sy swaer die kables tydelik nodig gehad het om kragtoevoer te verskaf vir 'n projek waarmee hy besig was. Behalwe om te se dat hy nie weet waarom die eerste applikant meegedeel is dat die kabel benodig word vir die projek op Bredasdorp nie, gee hy nie sy weergawe van welke opdrag hy aan die persoon in beheer van die voorraad en aan die werkers op die voertuig gegee het nie. Die eerste respondent spekuleer egter dat hy 'in alle waarskynlikheid vir die bestuurders van die bakkie gevra (het) om, oppad na Bredasdorp, die bondelgeleiers by my woning af te laai.'

[23] Aan die einde van 2008 hoor die eerste respondent van 'n groot projek naby Stormsvlei en gedurende November 2008 tender die eerste respondent in die naam van Beilco vir hierdie groot projek wat die aanle van krag na chalets op 'n wildplaas naby Stormsvlei behels en daarna doen die twee respondente die werk in die name van Beilco en Imatt. Die eerste respondent regverdig hierdie optrede met die stelling dat sy en die tweede respondent se verhouding met die applikante toe reeds onherstelbaar verbokkel het en dat daar gevolglik geen sprake was daarvan dat hulle langer soos vennote sou kon saamwerk nie. Mnr Viviers wys tereg namens die applikante daarop dat die respondente nie die bestaan van die beweerde swak verhouding of die feit dat die eerste respondent van die projek te hore gekom het en apart daarvoor getender het, met die applikante geopper het nie. Die notules van die ledevergadering wat op 1 en 31

Oktober 2008 gehou is, maak geen melding van hierdie bewering en die feit dat die respondente apart werk op 'n groot projek in die naam van Beilco en Imatt gaan doen nie.

[24] Die eerste applikant beweer dat hy in Desember 2008 daarvan te hore gekom het dat die eerste respondent van tyd tot tyd aan die BK se werkers opdrag gegee het om van die BK se voorraad by die eerste respondent se huis op Worcester at te laai. Die eerste applikant beweer dat hy die eerste respondent hieroor konfronteer he! en teenoor hom beweer het dat hy dit sien as 'n aanduiding dat hy homself gereed maak om in kompetisie met die BK te begin besigheid doen. Hy beweer voorts dat die eerste respondent toe ontken het dat hy sy eie besigheid wit begin en dat hy die BK se voorraad geneem het. Volgens hom het die eerste respondent beweer dat die voorraad inderwaarheid vir die BK se projekte was. Die eerste applikant beweer voorts dat hierdie verduidelikings onwaar was en dat die eerste respondent op daardie stadium reeds besig was om projekte in die naam van Beilco te doen. Die eerste respondent se antwoord op hierdie bewerings is 'n blote ontkenning dat hy op enige stadium enige van die BK se voorraad en/of toerusting vir homself en/of Beilco toegeeien het. Afgesien van die feit dat die eerste respondent nie handel met die verdere bewerings nie, is sy ontkenning dat hy voorraad van die BK gebruik het vir werk wat hy in die naam van Beilco gedoen het vals soos blyk uit 'n beedigde verklaring wat hy self in Januarie 2009 in 'n ondersoek deur Eskom gemaak het. Daarin verklaar hy dat hy in

November/Desember 2008 'n hoogspanningslyn in die Stormsvlei projek in die naam van Beilco gebou het en dat hy die lyn gebou het met materiaal wat hy vanaf die BK op Ceres gebring het vir die projek.

[25] Dit is duidelik dat die respondente deur onderskeidelik Beilco en Imatt, winste wat die BK waarskynlik andersins sou gemaak het, van die BK weerhou het. Die respondente moes, uit hoofde van hul fidusiêre plig teenoor die BK, elektriese kontrakteurwerk vir die BK werf en uitvoer. Die projekte waarby die respondente betrokke was, was werk wat die BK andersins waarskynlik sou kon gedoen het. Hierdie winste wat die BK afgestaan het, het 'n direkte negatiewe invloed op die waarde van die applikante se ledebelang soos bepaal deur Pienaar op 'n netto bate waarde basis, gehad.

[26] Die doel van die bepalings van art 36 van die Wet is

' ... to empower the Court to dissolve the association between members without winding up the corporation on the grounds that such would be just and equitable, as envisaged in sec 68 (d), in circumstances which, in the context of a partnership, would warrant its dissolution (Kanakia v Ritzshelf 2004 CC 2003 (2) SA 39 (D) op 48 F).

Terwyl die bepalings van 36 (1) (a), (b) en (c) gaan oor die invloed wat die optrede op die bedryf van die besigheid van 'n BK het, verleen die bepalings van art 36(1)(d)

4 ... wide and virtually unlimited scope for the application of s36 of the Act, the only limitation being the 'just and equitable'

requirement ... Once a Court decides that an order for such cessation of membership should be made, it has a discretion to make

further orders as referred to in s 36(2) of the Act' (De Franca v Exhaust Pro CC (De Franca intervening) 1997(3) SA 878 (OK) 893 FG).

- [27] Die likwidasie van die BK, wat op die stukke blyk 'n kerngesonde en lewensvatbare besigheid bedryf, is nie die aangewese remedie in hierdie saak nie. Trouens dit was tydens die verhoor gemene saak.
- [28] Die applikante was geregtig om gebruik te maak van die remedie wat deur art 36 van die Wet aan hulle verleen word en die applikante het hulle na my mening gekwyt van die onus wat in hierdie verband op hulle rus. Die respondente het self nie openbaar wat die omvang van die besigheid is wat hulle in kompetisie met die BK gedoen het nie. Op die feite wat deur die applikante voor die hof geplaas is, wat soos hierbo vermeld of gemene saak is of nie werklik betwis kan word nie, saamgeneem met die verslag van die skeidsregter wat by ooreenkoms ingevolge art 19 (bis) van Wet 59 aangewys is, het die applikante, na my mening 'n saak uitgemaak vir bevel in terme van art 36 (1) en
- (2) van die Wet.
- [29] Die BK het, in teenstelling met die wins van die vorige jaar, vir die sewe maande tot Januarie 2009, 'n beduidende verlies gely. Op die feite soos deur die applikante in die stukke uiteengesit en bloot volgens die volgnommers van die Beilco fakture wat bekend is, is dit duidelik dat die eerste respondent gedurende 2008 'n aansienlike hoeveelheid werk buite die BK moes gedoen het en dat die wins wat die BK deur die eerste respondent se optrede ontdoen is, die waarde van sy aandeel in die BK (R49 420.00) soos deur Pienaar bepaal, ver moet oorskry.
- [30] Ek meen gevolglik dat dit reg en billik sou wees dat die eerste respondent moet ophou om 'n lid van die BK te wees en dat hy geen vergoeding moet ontvang vir sy ledebelang in die BK nie.
- [31] Die omvang van die projekte wat die tweede respondent in stryd met haar fidusiêre plig teenoor die BK deur Imatt by betrokke was, is nie duidelik nie. Die applikante se bewering dat die tweede respondent met omvangryke werk besig was, word nie ontken nie. Ek meen dat die invloed van die tweede respondent se optrede op die wins van die BK en dus die waarde van die applikante se ledebelange soos deur Pienaar bereken, beduidend was. Die tweede respondent het nie die omvang van haar aktiwiteite openbaar nie en op die beskikbare inligting moet 'n waarde oordeel gemaak word. Ek meen dat dit reg en billik sal wees dat die tweede respondent se lidmaatskap van die BK beginig word en dat sy slegs op twee derdes van die waarde van haar ledebelang, soos deur Pienaar bepaal, tewege R200 000.00 geregtig moet wees.
- [32] Die applikante was substansieel suksesvol in hul aansoek en die koste van die aansoek moet gevolglik, in lyn met die algemene uitgangspunt, die uitslag volg.

- [33] Die respondente het die BK se perseel op 14 Januarie 2009 verlaat en wou uit die bloute op 1 September 2009 na ongeveer sewe en 'n half maande en met een dag vooraf kennisgewing sonder enige verdere vooraf reeling 'hul dienste' kom voortsit. Die respondente was nie te vinde vir die applikante se voorstel dat hulle hangende die afhandeling van die hoof aansoek, nie by die bedrywighede van die BK betrokke raak nie en, in die omstandighede, was die applikante geregtig en genoodsaak om die tussentydse aansoek te bring. Die koste van daardie aansoek moet gevolglik na my mening ook aan die applikante toegeken word.
- [34] Die volgende bevel word gemaak.
1. Die eerste respondent se ledebelang in P + F Rossouw Ondernemings BK word sonder enige vergoeding beeindig;
 2. Die tweede respondent se ledebelang in P + F Rossouw Ondernemings BK word beeindig teen betaling aan haar van die bedrag van R200 000.00 deur die applikante;
 3. Die respondente word gelas om die koste van hierdie aansoek asook die koste van die tussentydse aansoek wat die respondente verbied om die BK se besigheidperseel te betree, gesamentlik en afsonderlik te betaal. W J LOUW Regter vn die Hooggeregshof
- [29] Die BK het, in teenstelling met die wins van die vorige jaar, vir die sewe maande tot Januarie 2009, 'n beduidende verlies gely. Op die feite soos deur die applikante in die stukke uiteengesit en bloot volgens die volgnommers van die Beilco fakture wat bekend is, is dit duidelik dat die eerste respondent gedurende 2008 'n aansienlike hoeveelheid werk buite die BK moes gedoen het en dat die wins wat die BK deur die eerste respondent se optrede ontdoen is, die waarde van sy aandeel in die BK (R49 420.00) soos deur Pienaar bepaal, ver moet oorskry.
- [30] Ek meen gevolglik dat dit reg en billik sou wees dat die eerste respondent moet ophou om 'n lid van die BK te wees en dat hy geen vergoeding moet ontvang vir sy ledebelang in die BK nie.
- [31] Die omvang van die projekte wat die tweede respondent in stryd met haar fidusiêre plig teenoor die BK deur Imatt by betrokke was, is nie duidelik nie. Die applikante se bewering dat die tweede respondent met omvangryke werk besig was, word nie ontken nie. Ek meen dat die invloed van die tweede respondent se optrede op die wins van die BK en dus die waarde van die applikante se ledebelange soos deur Pienaar bereken, beduidend was. Die tweede respondent het nie die omvang van haar aktiwiteite openbaar nie en op die beskikbare inligting moet 'n waarde oordeel gemaak word. Ek meen dat dit reg en billik sal wees dat die tweede respondent se lidmaatskap van die BK beginig word en dat sy slegs op twee derdes van die waarde van haar ledebelang, soos deur Pienaar bepaal, tewege R200 000.00 geregtig moet wees.
- [32] Die applikante was substansieel suksesvol in hul aansoek en die koste van die aansoek moet gevolglik, in lyn met die algemene uitgangspunt, die uitslag volg.

[33] Die respondente het die BK se perseel op 14 Januarie 2009 verlaat en wou uit die bloute op 1 September 2009 na ongeveer sewe en 'n half maande en met een dag vooraf kennisgewing sonder enige verdere vooraf reeling 'hul dienste' kom voortsit. Die respondente was nie te vinde vir die applikante se voorstel dat hulle hangende die afhandeling van die hoof aansoek, nie by die bedrywighede van die BK betrokke raak nie en, in die omstandighede, was die applikante geregtig en genoodsaak om die tussentydse aansoek te bring. Die koste van daardie aansoek moet gevolglik na my mening ook aan die applikante toegeken word.

[34] Die volgende bevel word gemaak.

1. Die eerste respondent se ledebelang in P + F Rossouw Ondernemings BK word sonder enige vergoeding beeindig;
2. Die tweede respondent se ledebelang in P + F Rossouw Ondernemings BK word beeindig teen betaling aan haar van die bedrag van R200 000.00 deur die applikante;
3. Die respondente word gelas om die koste van hierdie aansoek asook die koste van die tussentydse aansoek wat die respondente verbied om die BK se besigheidsperseel te betree, gesamentlik en afsonderlik te betaal.

W J LOUW

Regter vn die Hooggeregshof

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2011/123.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/rossouw-and-another-v-coetzee-unknown-topic-awchc-2011>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria